

## WINFIN 2014

## OOREENKOMS

Hierdie is 'n wettige en bindende kontrak tussen u as gebruiker van WINFIN 2014 en PROPERDATA BK en onderhewig aan die volgende terme en voorwaardes:

### TERME EN VOORWAARDES:

1. Die WINFIN 2014 program met meegaande dokumentasie is die uitsluitlike eiendom van PROPERDATA BK en mag nie gekopieer, versprei, verkoop of verhuur word deur enige party wat nie behoorlik daartoe gemagtig is nie.
2. WINFIN 2014 mag slegs gebruik word deur die houer van 'n geldige lisensie en onderworpe aan die voorwaardes hieronder uiteengesit.
  - 2.1. Hierdie lisensie verleen aan die houer daarvan die reg om een (1) program met vyf (5) datastelle op een (1) rekenaar en op een (1) perseel te installeer en te gebruik in terme van die voorwaardes van hierdie ooreenkoms.
  - 2.2. Buro stelsels en multi-gebruiker installasies kan teen 'n addisionele fooi onder hierdie lisensie geregistreer word.
3. Hierdie lisensie is geldig vir 'n tydperk van een (1) jaar vanaf datum van registrasie en moet binne vyftien (15) dae na die vervaldatum daarvan hernu word.
  - 3.1. Indien die lisensie nie binne die voorgeskrewe tydperk hernu word nie, sal aanvaar word dat die ooreenkoms gekanselleer is en sal u enige verdere gebruiksreg van WINFIN 2014 verbeur.
  - 3.2. Die registrasie van 'n lisensie wat verval het kan binne dertig (30) dae weer herstel word teen 'n addisionele fooi.
4. Gedurende die lisensie tydperk is die houer daarvan geregtig op die volgende voordele:
  - 4.1. Gratis WINFIN 2014 opgradering, verbetering en regstellings .
  - 4.2. Gratis tegniese ondersteuning deur Properdata en IIQ Konsultante.

**Hierdie ondersteuning sluit nie enige opleiding en/of vakkundige ondersteuning in nie.**

00111011100  
11010110  
01101  
10

# PROPERDATA

Professionele Persoonlike Programmeringsdienste

5. PROPERDATA BK en IIQ Konsultante of enige gemagtigde agente aanvaar geen aanspreeklikheid hoegenaamd aan enige verlies gely wat mag spruit uit die gebruik van WINFIN 2014 nie.
6. PROPERDATA BK waarborg nie dat WINFIN 2014 100% aan u behoeftes sal voldoen nie. Enige spesifieke aanpassing wat vir u in die program aangebring moet word kan teen die heersende uurtarief volgens kwotasie gedoen word.
7. Hierdie is 'n ooreenkoms tussen u en PROPERDATA BK en vervang alle vorige ooreenkomste, hetsy mondeliks of skriftelik en kan slegs gewysig word deur 'n skriftelike ooreenkoms geteken deur PROPERDATA BK en uself.
8. Deur die program te registreer verklaar u dat u die voorwaardes gelees het en verstaan en onderneem u om dit na te kom.